



**PUNTE: 85**

VRAAG	VERWAGTE ANTWOORDE	PUNTE	MERKGIDS
1.1	A / Die skrywer wil ons bewus maak dat baie kinders in Suid-Afrika vermis raak. ✓	1	
1.2	Hulle is nie werklik ✓ vriende ✓ nie. OF Sy ken hulle nie goed genoeg ✓ om hulle vriende ✓ te noem nie. OF Sy ken hulle nie ✓ goed nie. ✓ OF Dit is 'n valse vriendskap. ✓✓ OF Hulle maak of hulle vriende is. ✓✓	2	Aanvaar 'n gepaste antwoord wat daarop dui dat die "vriende" nie regtig vriende is nie/bekend is aan haar nie/sy ken hulle nie.  Hulle is nie regtig vriende nie = ken slegs EEN punt toe.
1.3	A / 'n Uitroepteken. ✓	1	
1.4	A / Sy het gedink sy gaan 'n nuwe lewe begin. ✓	1	
1.5	Ja. ✓ Sy was in staat om uit die lewe van prostitusie te ontsnap (weg te kom). ✓ OF Ja. ✓ Sy kon met haar familie herenig word. ✓ OF Ja. ✓ Sy kon dood gewees het. ✓ OF Ja. ✓ Sy leef nog. ✓ OF Ja. ✓ Sy is gevind. ✓ OF Ja. ✓ Sy is na 'n paar weke gevind. ✓  OF Nee. ✓ Sy was getraumatiseer. ✓ OF Nee. ✓ Sy was geforseer om 'n prostituut te wees. ✓ OF Nee. ✓ Haar onskuld is weggeeneem. ✓	2	Ken EEN punt toe vir "Ja" of "Nee".  Ken slegs 'n punt toe vir "Ja"/ "Nee" indien die leerder 'n rede verskaf het.  Indien die leerder slegs "Ja" of "Nee" geskryf het = 0 punte.  EN  Ken EEN punt toe vir die rede.  Maak seker dat die motivering korreleer met die keuse "Ja"/"Nee".  OF  Ken TWEE punte toe indien die rede/motivering korrek is en 'n duidelike posisie/opinie 'n 'Ja' of 'Nee' suggereer/impliseer OF 'n idee skep van 'ek stem saam'/ 'ek stem nie saam nie'.  Moenie 'n punt toeken indien die

			<p>leerder 'n aanhaling uit die teks gebruik wat langer as 'n frase of een sin is nie.</p> <p>Moenie Waar/Onwaar aanvaar nie.</p>
1.6	A / Dit beteken dat die sisteem gefaal het om die kinders op te spoor en te beskerm. ✓	1	
1.7	C / Kinders loop die risiko om vermis te raak. ✓	1	
1.8	<p>Ja. ✓ Die statistieke word voorsien deur die polisie en/of MCSA. ✓</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Ja. ✓ Die statistieke word voorsien deur geloofwaardige instellings/organisasies/bronne. ✓</p> <p><u>OF</u></p> <p>Nee. ✓ Alle gevalle van vermiste kinders word nie altyd aangemeld nie. ✓</p>	2	<p>Ken EEN punt toe vir "Ja" of "Nee".</p> <p>Ken slegs 'n punt toe vir "Ja"/ "Nee" indien die leerder 'n rede verskaf het.</p> <p>Indien die leerder slegs "Ja" of "Nee" geskryf het = 0 punte.</p> <p style="text-align: center;">EN</p> <p>Ken EEN punt toe vir die rede.</p> <p>Maak seker dat die motivering korreleer met die keuse "Ja"/"Nee".</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Ken TWEE punte toe indien die rede/motivering korrek is en 'n duidelike posisie/opinie 'n 'Ja' of 'Nee' suggereer/impliseer OF 'n idee skep van 'ek stem saam'/'ek stem nie saam nie'.</p> <p>Moenie 'n punt toeken indien die leerder 'n aanhaling uit die teks gebruik wat langer as 'n frase of een sin is nie.</p> <p>Moenie Waar/Onwaar aanvaar nie.</p>
1.9	<p>Ja. ✓ As hulle gelukkig by die huis is, het hulle geen rede om weg te loop nie. ✓</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Ja. ✓ As hulle nie mishandel word by die huis nie, hoef hulle nie weg te loop nie. ✓</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Ja. ✓ Goeie ouers sal hul kinders monitor en daarom sal hulle nie wegraak nie. ✓</p> <p style="text-align: center;">OF</p>	2	<p>Ken EEN punt toe vir "Ja" of "Nee".</p> <p>Ken slegs 'n punt toe vir "Ja"/ "Nee" indien die leerder 'n rede verskaf het. Indien die leerder slegs "Ja" of "Nee" geskryf het = 0 punte</p> <p style="text-align: center;">EN</p> <p>Ken EEN punt toe vir die rede.</p>

	<p>Ja. ✓ Goeie ouers weet waar hulle kinders is ✓</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Nee. ✓ Selfs gelukkige kinders mag dink dat hulle 'n nuwe avontuurlike lewe kan hê. ✓</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Nee. ✓ Kinders kan ontvoer word. ✓</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Nee. ✓ Kinders kan verdwaal. ✓</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Nee. ✓ Kinders kan op die verkeerde bus of taxi klim. ✓</p>		<p>Maak seker dat die motivering korreleer met die keuse "Ja"/"Nee".</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Ken TWEE punte toe indien die rede/motivering korrek is en 'n duidelike posisie/opinie 'n 'ja' of 'nee' suggereer/impliseer OF 'n idee skep van 'ek stem saam'/'ek stem nie saam nie'.</p> <p>Moenie 'n punt toeken indien die leerder 'n aanhaling uit die teks gebruik wat langer as 'n frase of een sin is nie.</p> <p>Moenie Waar/Onwaar aanvaar nie.</p> <p>Die rede moet nie net 'n herhaling wees van die gegewe stelling dat kinders "nie sou wegraak as hulle gesonder en veiliger huislike omstandighede gehad het nie".</p>
1.10	D / Dit verwys na die handel in en verkoop van mense. ✓	1	
1.11	Sosiale netwerke kan voordelig wees, maar dit moet verantwoordelik gebruik word. ✓	1	<p>LW: Ignoreer die gebruik van die komma; die gebruik van die voegwoord word getoets.</p> <p>Leerders moet nie die woorde "sosiale netwerke" herhaal nie.</p>
1.12.	<p>Sy kon as 'n slaaf verkoop word. ✓</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Sy kon doodgemaak word. ✓</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Sy kon tot prostitusie gedwing word. ✓</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Sy kon toegesluit word. ✓</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Sy kon gevange gehou word. ✓</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Sy kon as 'n seksslaaf gebruik word. ✓</p> <p style="text-align: center;">OR</p> <p>Sy kon spoorloos verdwyn het. ✓</p> <p style="text-align: center;">OR</p> <p>Sy kon deel word van die mensehandel netwerk. ✓</p>	2	<p>Ken EEN punt per respons toe.</p> <p>'n Maksimum van TWEE punte.</p>
1.13	<p>Hulle wou haar onherkenbaar maak. ✓ ✓</p> <p style="text-align: center;">OF</p> <p>Hulle wou dit moeilik maak vir die polisie /familie/</p>	2	<p>'n Goed gemotiveerde antwoord verdien TWEE punte.</p> <p>Leerders moet hul antwoord motiveer ten einde die TWEE punte</p>

	<p>sekuriteit om haar te herken. ✓✓  OF  Dit sou dit makliker gemaak het om haar uit die sentrum uit te smokkel. ✓✓  OF  Die hare kon verkoop word. ✓✓</p>		<p>te verdien.  'n Middelmatige, maar relevante antwoord verdien EEN punt  Om haar voorkoms te verander. ✓  (Slegs EEN punt werd)</p>
1.14			
1.14.1	<p>Ons assosieer teddiebere met kinders. ✓  OF  Teddiebere bied vertroosting. ✓  OF  Kinders smag na sekuriteit en vertroosting. ✓  OF  Die teddiebeer vestig die aandag op die artikel. ✓  OF  Dit was gebruik om kinders te lok. ✓  OR  Die teddiebeer is alleen en dui daarop dat die kind vermis is. ✓  OR  Die teddiebeer was geskeur omdat die ontvoerders en die kind met mekaar gestoei/geveg het. ✓</p>	1	
1.14.2	<p>Om aan te dui dat kinders hulle onskuld verloor het. ✓✓  OF  Om aan te dui dat kinders fisies en emosioneel geskend is. ✓✓  OF  Om aan te dui dat kinders getraumatiseer is. ✓✓  OF  Om aan te dui dat kinders gely het. ✓✓  OF  Om aan te dui dat kinders van hulle families weggeskeur is. ✓✓</p>	2	<p>'n Goed gemotiveerde antwoord verdien TWEE punte.  'n Middelmatige, maar relevante antwoord verdien EEN punt.</p>
1.15	<p>Moenie mense as vriende aanvaar wat jy nog nooit ontmoet het nie. ✓  OF  Moenie vreemdelinge op sosiale netwerke soos goeie vriende behandel nie. ✓  OF  Moenie aan vreemdelinge persoonlike informasie verskaf nie. ✓  OF  Behandel vreemdelinge versigtig. ✓  OF  Moet nooit instem om iemand te ontmoet wat jy slegs op 'n sosiale netwerk leer ken het nie. ✓  OF  Wees bedag op valse beloftes. ✓</p>	2	<p>Leerdere moet TWEE voorstelle (raad) gee.  Ken EEN punt toe per voorstel.  Aanvaar 'n gepaste antwoord wat daarop dui dat die kind die gevare van sosiale netwerke verstaan.</p>

	<p>OF</p> <p>Moenie enige geskenke of geld van mense vat deur middel van sosiale netwerke nie. ✓</p> <p>OF</p> <p>Moenie instem om mense te ontmoet van 'n sosiale netwerk nie. ✓</p>		
1.16.1	13 – 18 jaar ✓	1	
1.16.2	0 - 6 jaar ✓	1	

2			
2.1	B / Die magtigheid van die oseaan. ✓	1	
2.2	A / Baie dinge onder die see is nog nie ontdek nie. ✓	1	
2.3	A / Personifikasie ✓	1	
2.4.1	Die storm en 'n stem. ✓	1	
2.4.2	<p>Die ontstuielige storm ✓ klink soos 'n (harde) stem. ✓</p> <p>OF</p> <p>Die branders raas ✓ om 'n onstuimige see aan te dui. ✓</p>	2	<p>Die verduideliking moet aansluit by die antwoord van 2.4.1</p> <p>Ken 2 punte toe vir die verduideliking.</p> <p>'n Middelmatige, maar relevante antwoord verdien EEN punt.</p>

3.1	A / Die onderwyser wil sy swak prestasie beklemtoon. ✓	1	
3.2.1	D / Woede ✓	1	
3.2.2	<p>A Die onderwyser staan regop./Staan met sy een hand agter sy rug – asof hy bang is wat hy met die hand sal doen (aan Neelsie). ✓</p> <p>B Sy oë is groot. ✓</p> <p>OF</p> <p>Sy wenkbroue is gelig. ✓</p> <p>OF</p> <p>Daar is 'n frons op sy voorkop. ✓</p> <p>OF</p> <p>Sy mond is oop. ✓</p> <p>OF</p> <p>Die onderwyser staan konfronterend voor die seun. ✓</p> <p>OF</p> <p>Die onderwyser leun vooroor. ✓</p> <p>OF</p> <p>Die onderwyser kyk die kind ernstig aan. ✓</p> <p>OF</p> <p>Die onderwyser staan met 'n geklemde hand om die papier. ✓</p>	<p>1</p> <p>1</p>	<p>Ken EEN punt toe vir A (liggaamstaal)</p> <p>EN</p> <p>EEN punt vir B (gesigsuitdrukking).</p>

3.3	Die onderwysers is woedend/kwaad/briesend oor Neelsie se swak punt (3%), maar Neelsie verwag 'n kompliment/erkenning omdat dit 'n verbetering (van 2%) op sy vorige punt is. ✓✓	2	Ken TWEE punte toe vir 'n goeie verduideliking van die humor.  'n Middelmatige, maar relevante antwoord verdien EEN punt.

4.1	wêreldwye web ✓	1	Spelling moet korrek wees.
4.2	Die getraumatiseerde families word ✓ deur die MCSA ondersteun. ✓	2	
4.3	Olivier het gesê dat hulle ✓ dikwels daardie ✓ realiteit teëkom.  OF  Olivier het gesê dat hulle ✓ daardie realiteit dikwels teëkom. ✓	2	
4.4	Die ontvoerde kind is steeds nie gevind nie. ✓	1	Leerders moet die volledige hoofsin skryf.
4.5	C / Byvoeglike naamwoord ✓	1	
4.6	realiteite ✓	1	Die spelling moet korrek wees vir EEN punt.
4.7	slegte ✓  haglike ✓  powere ✓	1	Die spelling moet korrek wees vir EEN punt.  Aanvaar enige sinoniem wat gepas is in die sinnetjie en die spelling moet korrek wees.
4.8	As ✓ jy nie jou kind betyds by die skool kan oplaai nie, ✓ moet jy 'n boodskap aan jou kind/hom/haar stuur.  OF  Jy moet 'n boodskap aan jou kind stuur as ✓ jy hom nie betyds by die skool kan gaan oplaai nie. ✓  OF  As ✓ jy nie jou kind betyds by die skool kan oplaai nie, ✓ moet jy 'n boodskap (aan jou kind/hom/haar) stuur.	2	Die sin moet die voegwoord "as" bevat.  Die sin moet logies gekonstrueer wees.
4.9	B / Mensehandel is 'n realiteit. ✓	1	
4.10	Baie kinders is te gemaklik <u>met</u> ✓ die gebruik van		Ken EEN punt toe vir die eerste

	<p>sosiale netwerke en word ontvoer deur mense wat hulle 'n beter lewe beloof. 'n Ontvoerde kind verkeer in groot gevaar indien hy/sy nie binne die eerste 48 uur gevind word nie. Een van die kinders is eers <u>na</u> ✓ 'n jaar gekry. Grace het gesê: "Ek het mense <u>te</u> ✓ maklik <u>vertrou</u>. ✓ Ek <u>sal</u> ✓ in die toekoms versigtiger wees."</p>	5	VYF korrekte antwoorde.
5	Sien aangehegte rubriek.	20	
6	Sien aangehegte rubriek.	10	
	<b>GROOTTOTAAL</b>	<b>85</b>	

**AFDELING C: VRAAG 5 – RUBRIEK VIR DIE ASSESSERISSNG VAN 'N OPSTEL – HUISTAAL (20 punte)**

	Vlak 5	Vlak 4	Vlak 3	Vlak 2	Vlak 1
BEPLANNING EN AANBIEDING	5	4	3	2	0-1
5 PUNTE	<p>Alle instruksies is uitgevoer.</p> <p>Beplanning en/of eerste poging lei tot 'n feitlik foutlose opstel.</p> <p>'n Uitstekende inleiding/slot.</p>	<p>Meeste van die instruksies is uitgevoer.</p> <p>Beplanning lei tot 'n baie goeie opstel.</p> <p>'n Goeie inleiding/Slot.</p>	<p>Instruksies is redelik uitgevoer.</p> <p>Beplanning lei tot 'n redelike goeie opstel.</p> <p>Inleiding/slot is voldoende.</p>	<p>Sommige instruksies is uitgevoer.</p> <p>Beplanning lei tot 'n onvoldoende opstel.</p> <p>Inleiding/slot is nie voldoende nie.</p>	<p>Min instruksies is uitgevoer.</p> <p>Beplanning lei tot 'n swak opstel. Onvoldoende vir huistaalvlak.</p> <p>Geen inleiding/slot.</p>
	5	4	3	2	0-1
INHOUD	Inhoud uitstaande, hoogs oorspronklik.	Inhoud verdienstelik, oorspronklik.	Inhoud gepas.	Inhoud middelmatig.	Inhoud nie altyd duidelik nie.
5 PUNTE	<p>Idees uitdagend, volwasse.</p> <p>Uitsonderlike, gedissiplineerde skryfwerk.</p>	<p>Idees verbeeldingryk, interessant en oortuigend.</p> <p>Gedissiplineerde skryfwerk. Leerder behou</p>	<p>Idees interessant, meestal relevant, redelik oortuigend.</p> <p>Leerder behou fokus met geringe afwykings.</p>	<p>Redelik samehangend. 'n Paar idees.</p> <p>Leerder wyk soms af.</p>	<p>Idees vervelig, dikwels herhalend. Teks nie altyd samehangend nie.</p> <p>Leerder wyk af.</p>



		deurgaans fokus.			
	5	4	3	2	0 -1
<p>TAAL, STYL EN REDIGERING</p> <p>5 PUNTE</p>	<p>Kritiese bewustheid van die impak van taal. is goed.</p> <p>Taal, puntuasie effektief gebruik.</p> <p>Keuse van woorde uitsonderlik, volwasse.</p> <p>Styl, toon, register hoogs geskik vir onderwerp.</p> <p>Feitlik foutloos.</p>	<p>Goeie kritiese bewustheid van die impak van taal.</p> <p>Taal, puntuasie korrek gebruik.</p> <p>Woordkeuse wissel/varieer en is kreatief.</p> <p>Styl, toon, register baie geskik vir onderwerp.</p> <p>Enkele foute sigbaar.</p>	<p>'n Mate van bewustheid van die impak van taal.</p> <p>Taal, puntuasie meestal korrek gebruik.</p> <p>Woordkeuse voldoende.</p> <p>Styl, toon, register is geskik vir onderwerp.</p> <p>Foute raak beduidend.</p>	<p>Beperkte bewustheid van die impak van taal.</p> <p>Taal, puntuasie beperk.</p> <p>Woordkeuse is basies.</p> <p>Styl, toon, register redelik geskik vir onderwerp.</p> <p>Bevat verskeie foute.</p>	<p>Baie beperkte kritiese taalbewustheid.</p> <p>Gebrekkige taal en puntuasie.</p> <p>Woordkeuse is beperk/elementêr.</p> <p>Styl, toon, register nie geskik vir onderwerp nie.</p> <p>Besaai met foute en deurmekaar.</p>

STRUKTUUR	5	4	3	2	0-1
5 PUNTE	<p>Samehangende ontwikkeling van onderwerp. Lewendige, uitsonderlike detail.</p> <p>Sinne en paragrawe briljant saamgestel.</p> <p>Lengte korrek.</p>	<p>Logiese ontwikkeling van detail.</p> <p>Sinne, paragrawe logies, wissel/varieer.</p> <p>Lengte korrek.</p>	<p>Verskeie relevante besonderhede.</p> <p>Sinne, paragrawe goed saamgestel.</p> <p>Lengte is amper korrek.</p>	<p>Dwaal soms van die onderwerp af, maar die algemene gedagtegang kan gevolg word.</p> <p>Sinne, paragrawe mag foute bevat, maar opstel maak nog sin.</p> <p>Lengte te lank/kort.</p>	<p>Heeltemal van die onderwerp af.</p> <p>Sinne, paragrawe op 'n elementêre vlak.</p> <p>Lengte – te lank/kort.</p>

**TOTAAL: 20**

**AFDELING C: RUBRIEK VIR ASSESSERING VAN 'n DAGBOEK - HUISTAAL (10 punte)**

	Vlak 4	Vlak 3	Vlak 2	Vlak 1
	4 - 5 punte	3 punte	2 punte	0 - 1 punte
<p>BEPLANNING, FORMAAT EN LENGTE</p> <p>5 PUNTE</p>	<p>Alle instruksies is uitgevoer.</p> <p>Uitgebreide kennis van vereistes van teks en formaat .</p>	<p>Meeste instruksies is uitgevoer.</p> <p>Baie goeie kennis van vereistes en van teks formaat.</p>	<p>Sommige instruksies is uitgevoer.</p> <p>Elementêre kennis van vereistes en van teks formaat.</p>	<p>Min instruksies is uitgevoer.</p> <p>Geen kennis van vereistes van teks en formaat.</p>

	<p>Beplanning lei tot 'n uitstekende skryfstuk.</p> <p>Skryf gedissiplineerd – behou fokus.</p> <p>Inhoud en idees heeltemal samehangend en baie goed uitgebrei. Alle detail ondersteun onderwerp.</p> <p>Toepaslike lengte.</p>	<p>Beplanning lei tot 'n goeie skryfstuk.</p> <p>Skryf redelik gedissiplineerd – behou fokus.</p> <p>Inhoud en idees samehangend en baie goed uitgebrei. Alle detail ondersteun onderwerp.</p> <p>Toepaslike lengte.</p>	<p>Onvoldoende beplanning lei tot 'n elementêre skryfstuk.</p> <p>Skryfstuk openbaar beperkte fokus.</p> <p>Leerder wyk af. Inhoud en idees is nie altyd samehangend nie. Min detail wat die onderwerp ondersteun. Nie genoegsaam vir huistaal nie.</p> <p>Te lank of te kort.</p>	<p>Min bewyse van beplanning.</p> <p>Skryfstuk toon min/geen fokus.</p> <p>Leerder wyk af. Skryfstuk onsamehangend. Betekenis soms onduidelik. Min detail wat die onderwerp ondersteun. Onvoldoende beplanning.</p> <p>Ver te lank of te kort.</p>
	8 - 10 punte	4 - 7 punte	2 - 3 punte	0 - 1 punte
<p>INHOUD</p> <p>10 PUNTE</p>	<p>Hou volkome by die onderwerp.</p> <p>Inhoud uitstaande. Baie oorspronklik. Idees baie uitgebrei.</p> <p>Emosionele respons is uitstekend.</p>	<p>Hou by die onderwerp. Afwykings is minimaal.</p> <p>Inhoud weldeurdrag. Redelik samehangend. Meeste detail ondersteun die onderwerp.</p> <p>Emosionele respons is goed.</p>	<p>Relevansie tot die onderwerp is minimaal.</p> <p>Samehangend. Sommige detail ondersteun die onderwerp.</p> <p>Baie min emosie oorgedra. Neig na storie-vertelling.</p>	<p>Heeltemal van die onderwerp af.</p> <p>Min of geen detail wat onderwerp ondersteun.</p> <p>Geen emosionele respons. Hoofsaaklik storie-vertelling.</p>

	4 - 5 punte	3 punte	2 punte	0 - 1 punte
<b>TAAL/STYL/ REDIGERING 5 PUNTE</b>	<p>Hoogs gepaste register/styl/toon.</p> <p>Woordeskat hoogs toepaslik.</p> <p>Sinstipes wissel/varieer.</p> <p>Hoogs gepaste gebruik van taal, grammatika, spelling en punktuasie met 'n paar foute.</p>	<p>Meestal gepaste register/styl/toon.</p> <p>Gepaste woordeskat.</p> <p>Volledige sinne.</p> <p>Enkele grammatikale, spelling en punktuasie foute.</p>	<p>Ontoepaslike register/styl/toon.</p> <p>Woordeskat beperk.</p> <p>Onvolledige sinne.</p> <p>Baie grammatikale, spelling en punktuasie foute.</p>	<p>Totaal ongepaste register/styl/toon.</p> <p>Woordeskat benodig remediëring.</p> <p>Swak sinstruktuur.</p> <p>Teks is swak saamgestel en baie moeilik om te volg. Teks is besaai met foute.</p>

**TOTAAL: (20÷2 = 10)**